



OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Wednesday, 1st November, 1933. WINDHOEK Woensdag, 1 November 1933. No. 536

CONTENTS.

INHOUD.

	<i>Page.</i>		<i>Bladsy.</i>
Government Notices —		Goewermentskennisgewings —	
No. 164. Ovamboland Trust Funds: Suspension of Levy of Annual Rate for 1933	8656	No. 164. Ovambolandse Trustfonds: Opskorting van Inning van Jaarlikse Belasting vir 1933	8656
No. 165. Village Management Board Area of Grootfontein: Building Regulations	8656	No. 165. Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein: Boueregulasies	8656
No. 166. Village Management Board Area of Grootfontein: Health Regulations	8658	No. 166. Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein: Gesondheidsregulasies	8658
No. 167. Village Management Board Area of Grootfontein: Regulations relating to the Keeping of Animals	8660	No. 167. Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein: Regulasies betreffende die Aanhou van Diere	8660
No. 168. Village Management Board Area of Grootfontein: Sanitary Regulations	8664	No. 168. Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein: Sanitêre Regulasies	8664
No. 169. Village Management Board Area of Grootfontein: Street and Traffic Regulations	8669	No. 169. Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein: Regulasies op Strate en Verkeer	8669
No. 170. Municipal Council of Okahandja: Location Regulations	8674	No. 170. Stadsraad van Okahandja: Lokasieregulasies	8674
No. 171. Marriage Officer: Appointment as	8680	No. 171. Huweliksamptenaar: Benoeming tot	8680
No. 172. Declared Drought-Stricken Area: District of Gibeon	8680	No. 172. Verklaar as Droogtegeteisterde Gebied: Distrik Gibeon	8680
No. 173. Registering Officer, Electoral Divisions of Windhoek District and Windhoek Central: Appointment of	8680	No. 173. Registrasieamptenaar, Kiesafdelings Windhoek Distrik en Windhoek Sentraal: Benoeming van	8680
No. 174. Registering Officer, Proclaimed Area of Tsumeb: Appointment of	8680	No. 174. Registrasieamptenaar, Geproklameerde Gebied Tsumeb: Aanstelling van	8680
No. 175. Municipality of Windhoek: Amendment of Market Regulations	8680	No. 175. Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Mark-Regulasies	8680
No. 176. South West Africa Police Regulations: Amendment of	8682	No. 176. Suidwes-Afrika Polisie-Regulasies: Wysiging van	8682
No. 177. South West Africa Police: Regulations for Establishment of Good Service Medal for Members of the South West Africa Police other than Commissioned Officers	8684	No. 177. Suidwes-Afrika Polisie: Regulasies vir Toekenning van Medalje vir Troue Diens aan Lede van die Polisiemag van Suidwes-Afrika onder die Rang van Offisier	8684
No. 178. South West Africa Police: Regulations regarding the Rank of Officers on Retirement	8685	No. 178. Suidwes-Afrika Polisie: Regulasies betreffende die Rang van Aftredende Offisiere	8685
No. 179. Pound at Klipdam, district Aroab: Establishment of, etc.	8685	No. 179. Skut te Klipdam, distrik Aroab: Oprigting van, ens.	8685
No. 180. Clerk of the Court, Outjo: Appointment as	8685	No. 180. Klerk van die Hof, Outjo: Aanstelling as	8685
General Notices —		Algemene Kennisgewings —	
No. 61. Revision of Voters' Roll: Electoral Division of Warmbad	8686	No. 61. Hersiening van Kieserslys: Kiesafdeling Warmbad	8686
No. 62. Banks' Statement — September, 1933	8686	No. 62. Bankeopgawe — September 1933	8686

No. 63.	Solar Development Company, Limited: Abandonment of portion of Area over which exclusive prospecting rights granted to Consolidated Mining and Smelting Company of Canada, Limited, under Section 94, Imperial Mining Ordinance of 1905	8687
No. 64.	Revision of Voters' Roll: Electoral Division of Keetmanshoop	8687
No. 65.	Revision of Voters' Roll: Electoral Division of Grootfontein	8687
No. 66.	Revision of Voters' Rolls: Electoral Divisions of Gibeon and Stampriet	8688

Tender —

No. 1.	Tenders: Education Department, 1934	8688
--------	-------------------------------------	------

Advertisements —

Estate Notices, etc., etc.	8689
----------------------------	------

No. 63.	“Solar Development Company, Limited”: Opgee van 'n deel van gebied waaroor uitsluitlike prospekterregte toegestaan was aan “Consolidated Mining and Smelting Company of Canada, Limited”, kragtens artikel 94, Keiserlike Mynordonnansie van 1905	8687
No. 64.	Hersiening van Kieserslys: Kiesafdeling Keetmanshoop	8687
No. 65.	Hersiening van Kieserslys: Kiesafdeling Grootfontein	8687
No. 66.	Hersiening van Kieserslyste: Kiesafdelings Gibeon en Stampriet	8688

Tender —

No. 1.	Tenders: Onderwys-Departement 1934	8688
--------	------------------------------------	------

Advertensies —

Boedelkennisgewings, ens., ens.	8689
---------------------------------	------

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

H. P. SMIT,
Secretary for South West Africa

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 164.] [16th October, 1933.

OVAMBOLAND TRUST FUNDS: SUSPENSION OF LEVY OF ANNUAL RATE FOR 1933.

Notice is hereby given that the Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by Section *three* of the Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (Proclamation No. 27 of 1929), to enact that notwithstanding anything to the contrary contained in Government Notice No. 128, dated the twenty-seventh day of September, 1929, no rate shall be levied for the year 1933 upon any of the members of the tribes and the aggregate of tribes or which Trust Funds have been established by Government Notice No. 127, dated the twenty-seventh day of September, 1929.

No. 165.] [16th October, 1933.

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased, in terms of Section *three* of the Village Management Boards Proclamation, 1925 (Proclamation No. 2 of 1925), to make the following regulations to be of force and effect within the Village Management Board Area of Grootfontein:—

VILLAGE MANAGEMENT BOARD AREA OF GROOTFONTEIN: BUILDING REGULATIONS.

1. In these regulations the following words and expressions shall have the several meanings hereby assigned to them.

- (1) “Board,” or “the Board,” shall mean the Village Management Board of Grootfontein.
- (2) “Clerk,” or “the Clerk,” shall mean the person from time to time performing the duties of or acting as Secretary to the Board.
- (3) “Owner” as used in connection with any land or premises shall include any person receiving the rents or profits of such land or premises from any tenant or occupier thereof, or who would receive such rents or profits if such land or premises were let, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein.
- (4) “Occupier” shall include any person in actual occupation of land or premises without regard to the title under which he occupies, and in cases of premises sub-divided and let to lodgers and various tenants, the person receiving the rent payable by the lodgers or tenants, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein, and as used in connection with any property movable or immovable the words “owner” and “occupier” or other words denoting the person owning or occupying such property shall, for the purpose of enforcing the penalties under these regulations, mean in the case of a firm or a partnership all or any one or more

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 164.] [16 Oktober, 1933.

OVAMBOLANDSE TRUSTFONDS: OPSKORTING VAN INNING VAN JAARLIKSE BELASTING VIR 1933.

Hiermee word bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag het om ingevolge en kragtens die bevoegdheids hom verleen by artikel *drie* van die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie 1929 (Proklamasie No. 27 van 1929) te verorden dat, nieteenstaande enige teenstrydige bepaling bevat in Goewermentskennisgewing No. 128, gedateer die sewen-en-twintigste dag van September 1929, geen belasting van enige van die lede van die stamme en die aggregaat van stamme, waarvoor Trustfondse by Goewermentskennisgewing No. 127, gedateer die sewen-en-twintigste dag van September 1929 gestig is, vir die jaar 1933 gehef sal word nie.

No. 165.] [16 Oktober 1933.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag het om, ooreenkomstig artikel *drie* van “De Dorpsbestuursraden Proklamasie 1925”, (Proklamasie No. 2 van 1925), die onderstaande regulasies, wat binne die Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein van krag sal wees en in werking sal tree, goed te keur:—

DORPSBESTUURSRAADSGEBIED GROOTFONTEIN: BOUREGULASIES.

1. In hierdie regulasies het die volgende woorde en uitdrukkings die verskeie betekenisse, wat hiermee aan hulle gegee word.

- (1) “Raad” of “die Raad” beteken die dorpsbestuursraad van Grootfontein.
- (2) “Klerk” of “die Klerk” beteken die persoon, wat van tyd tot tyd die pligte van Sekretaris van die Raad uitvoer of in sodanige betrekking optree.
- (3) “Eienaar”, soos in verband met enige grond of gebou gebruik, sluit in enige persoon, wat die huurgelde of profyt van sodanige grond of gebou van enige huurder of bewoner daarvan ontvang, of wat sodanige huurgelde of profyt sou ontvang, indien sodanige grond of gebou verhuur was, hetsy vir sy eie rekening of as agent vir enige persoon, wat daartoe geregtig is of daarby belang het.
- (4) “Bewoner” sluit in enige persoon, wat werklik die grond of gebou bewoon, sonder die reg waaronder hy dit bewoon in aanmerking te neem, en, in die geval van eiendom, wat onderverdeel en aan loseergaste en verskeie huurders verhuur is, sluit dit in die persoon, wat die hurgeld, betaalbaar deur die loseergaste of huurders, ontvang, hetsy vir sy eie rekening of as agent vir enige persoon, wat daartoe geregtig is of daarby belang het, en soos gebruik in verband met enige roerende of vaste eiendom beteken die woorde “eienaar” of “bewoner” of ander woorde wat die persoon wat sodanige eiendom besit of bewoon aandui, vir die doel om die strawwe kragtens hierdie regulasies toe te pas, in die geval van 'n firma of 'n deelgenootskap almal of enigeen of meer van die lede van sodanige firma of deelgenootskap, en

of the members of such firm or partnership, and in the case of any public company and of any body of persons not being a firm or partnership in the ordinary meaning of these terms, the secretary or manager of such company or body, or should there be no secretary or manager then any member of the Board of Directors or Managing Board or Committee of such company or body.

- (5) The word "Person" shall include joint stock companies or any body of persons whether incorporated or not.
- (6) "Building Line" shall mean that line which may be determined and fixed by the Board up to which the front of all buildings shall be built and beyond which no structures shall encroach towards the street.

2. Any Notice or Order or other such document issued under these regulations requiring authentication by the Board shall be deemed to be sufficiently authenticated if signed by the Clerk.

3. The re-erection of the whole or any portion of any building removed or destroyed by fire or otherwise, and any addition to or alteration of any existing buildings, and the structural conversion of any building for any purpose different from that for which it was originally intended shall be deemed to be the erection of a new building.

4. Every person intending to erect any new building within the Village Management Board Area of Grootfontein shall, not less than six days before the next fixed day of meeting of the Board, give notice of such intention in writing to the Clerk and shall deliver therewith plans to the satisfaction of the Board.

5. All plans for the erection of new buildings shall be submitted in duplicate to the Board as follows:— A block plan drawn to a scale of not less than 1:1,000 and showing the relation of the building to any other existing structures or to any street, together with plans, sections, and elevations drawn to a scale of not less than 1:100 and showing the height and thickness of the foundations and the walls and the level of the ground floor and the positions of the damp-course, the dimensions and positions of rooms and passages, the positions, forms and dimensions of all windows, doors, chimneys, and ventilating openings and the sanitary conveniences and intended mode of drainage; also a schedule of specifications describing the materials and methods of construction, and a computation proving sufficient strength of structures and materials to be used therefor, to the satisfaction of the Board, and other particulars of the several parts of the proposed work as the Board may require.

All plans shall be dated and shall bear the signature of the owner of the proposed buildings and/or the person who will carry out the building work shown on such plans and shall show the estimated cost on completion of such buildings.

On the approval of such plans one set thereof shall be retained by and become the property of the Board and the other set shall be returned to the person lodging the same.

6. No building other than one in a recognised native location shall be constructed of wood or of iron, whether brick-lined or not.

7. No building or structure shall be erected within the Village Management Board Area of Grootfontein which the Board shall deem to be a disfigurement to the town or neighbourhood or an annoyance to the inhabitants thereof, nor shall any building or structure be constructed of raw, green, or unburnt bricks.

8. Any person erecting on any erf or any sub-division thereof two or more buildings not immediately abutting each other shall arrange for clear spaces to be maintained between such buildings as follows:—

- (a) 3 metres in case there are no openings in either of two walls facing each other, and
- (b) 5 metres in case either of two walls facing each other contains one or more openings.

No person shall erect any building any outer wall of which is less than 3 metres distant from the boundary of an erf or a sub-division thereof unless such outer wall shall be erected on the boundary line of such erf or sub-division. The Board may in its discretion vary this regulation as regards any space or distance.

die geval van enige publieke maatskappy en van enige liggaam van persone, wat geen firma of deelgenootskap volgens die gewone betekenis van hierdie uitdrukking is nie, die sekretaris of bestuurder van sodanige maatskappy of liggaam, of, indien daar geen sekretaris of bestuurder is nie, dan enige lid van die raad van direkteurs of bestuursraad of komitee van sodanige maatskappy of liggaam.

- (5) Die woord "Persoon" sluit in naamlose vennootskappe of enige liggaam van persone, hetsy ingelyf of nie.
- (6) "Boulyn" beteken daardie lyn, wat deur die Raad bepaal en vasgestel kan word, tot waar die voorkant van alle geboue gebou moet word en waarvoor geen gebou opgerig mag word in die rigting van die straat nie.

2. Enige Kennisgewing of Bevel of ander sodanige dokument kragtens hierdie regulasies uitgevaardig, wat bekragtig deur die Raad vereis, word beskou voldoende bekragtig te wees indien deur die Klerk geteken.

3. Die herbou van 'n hele gebou of van 'n deel daarvan, wat verwyder of deur brand of andersins verniel was, en enige byvoeging tot of verandering aan enige bestaande gebou en die verandering deur verbouing van enige gebou vir enige doel, wat verskillend is van dié, waarvoor hy oorspronklik bedoel was, word, vir die doeleindes van hierdie regulasies, as die oprigting van 'n nuwe gebou beskou.

4. Iedere persoon, wat van plan is om enige nuwe gebou binne die dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein op te rig, moet minstens ses dae voor die eerskomende vasgestelde vergaderingsdag van die Raad van sodanige plan aan die Klerk skriftelik kennis gee en moet daarby planne tot bevrediging van die Raad indien.

5. Al die planne vir die oprigting van nuwe geboue moet in duplikaat aan die Raad as volg ingedien word:— 'n Blokplan, op skaal van nie minder as 1:1,000 geteken en aantoonende die verhouding van die gebou tot enige ander bestaande geboue of tot enige straat, tesame met planne, deursnee en aansigte, op skaal van minstens 1:100 geteken en aantoonende die hoogte en dikte van die fondament en die mure en die hoogte van die grondvloer en die posisie van die vogwerende laag, die afmeting en posisie van kamers en gange, die posisie, vorm en afmeting van alle vensters, deure, skoorstene en ventilasie-openings, en die sanitêre gemakke en die voorgename afvoersisteen; ook 'n lys van spesifikasies, wat die materiaal en boumetode omskrywe en 'n berekening as bewys van genoegsame sterkte van die gebou en die materiaal wat daarvoor gebruik moet word, tot bevrediging van die Raad, en andere besonderhede van die verskeie dele van die voorgename werk, soos die Raad kan vereis.

Al die planne moet gedateer wees en moet die handtekening hê van die eienaar van die voorgename geboue en/of van die persoon, wat die bouwerk volgens sodanige planne sal uitvoer, en moet aantoon wat die beraamde koste vir voltooiing van sodanige geboue is.

By goedkeuring van sodanige planne word een stel daarvan deur die Raad behou en word sy eiendom en die ander stel word teruggestuur aan die persoon, wat dit indien.

6. Geen gebou, behalwe een in 'n erkende natuurlike lokasie, mag van hout of van sinkplate, hetsy met bakstene uitgevoer of nie, gebou word nie.

7. Geen gebou of struktuur mag binne die dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein opgerig word nie, as die Raad dit beskou 'n ontsiering van die dorp of omtrek of 'n hindernis vir die inwoners daarvan, ook mag geen gebou of struktuur van rou, groen of ongebrande stene opgerig word nie.

8. Enige persoon, wat op enige erf of 'n onderdeel daarvan twee of meer geboue, wat nie onmiddellik teen mekaar staan nie, oprig, moet sorg dat oop ruimtes tussen sodanige geboue as volg gehou word:—

- (a) 3 meter ingeval daar geen opening is nie in enigeen van twee mure wat teenoor mekaar staan, en
- (b) 5 meter ingeval daar in enigeen van twee mure, wat oor mekaar staan, een of meer openinge is.

Geen persoon mag enige gebou, waarvan enige buitemuur minder as drie meter afstand van die grens van 'n erf of 'n onderdeel daarvan is, oprig nie, tensy sodanige buitemuur op die grenslyn van sodanige erf of onderdeel opgerig word. Die Raad kan hierdie regulasie ten opsigte van enige ruimte of afstand na sy goedvinding wysig.

9. It shall be lawful for the Board to refuse to grant permission to erect any building or structure on any erf or any sub-division thereof if the total area of the proposed building or structure, together with the area occupied by any existing building or structure, exceeds one half of the area of such erf or sub-division; provided that in respect of an erf or a sub-division of an erf situate at the corner of two streets the maximum area which may be built upon shall be three quarters of the area of such erf or sub-division; and provided further that the Board may in respect of any erf or sub-division of an erf increase the area which may be built upon to three quarters of the area of such erf or sub-division.

10. The Board shall signify its approval or disapproval of the plans, sections and elevations of any proposed building as aforesaid, or as regards the materials to be used in connection therewith, within one month from the receipt of same.

11. No person shall commence any new building until the plans thereof shall have been approved by the Board and until notice of intention to commence shall have been given to the Board, nor shall any person erect any new building except in accordance with plans so approved; and no foundation or drain shall be covered up until notice of intention to cover it shall have been given to the Board and until it shall have been inspected and approved by the Board or a representative of the Board authorised thereto in writing by the Clerk. Inspection shall be made within five days after the receipt of such notice.

12. Every person erecting a building shall erect the same in such a way that no portion of the structure shall encroach beyond the building line; provided that the Board may allow any structure below the ground level of an erf or any sub-division thereof to encroach beyond such building line for the purpose of providing for an adequate footing for the proposed building; and provided further that the Board may allow open verandahs of a design approved of by the Board to be erected beyond the building line.

13. The Clerk, or such other person as the Board may appoint shall have power to inspect all buildings in course of erection, alteration, or repair, and any work connected therewith, at any reasonable time as he may think fit, and the owner and builder, and also every person in charge of such buildings and work, shall give him free and uninterrupted access to such buildings and work and to every part thereof. Any person who shall in any way intimidate, impede, interfere with, or refuse any information to, the said Clerk or such other person in the exercise of the right of inspection or access for the purpose of these regulations shall be liable to the penalties herein provided for breach of these regulations.

14. Every erf or its sub-division shall be provided with direct means of access from a declared road or street.

15. No person shall use or occupy or cause to be used or occupied any new building until such buildings shall have been inspected by the Clerk or such other person as may have been appointed by the Board for the purpose and a written certificate shall have been given to the owner of such building to the effect that the said building has been erected in accordance with plans approved of by the Board and in conformity with these regulations. All certificates issued under this regulation shall be signed by the person appointed by the Board for the purpose and shall be endorsed by the Clerk.

16. Any person contravening any of these regulations may on conviction be sentenced by the Court of the Magistrate of the District of Grootfontein to pay a fine not exceeding twenty-five pounds and in default of payment to imprisonment with or without hard labour for any period not exceeding three months.

9. Dit is wettig vir die Raad om toestemming vir die oprigting van enige gebou of struktuur op enige erf of enige onderdeel daarvan te weier, indien die totale oppervlakte van die voorgename gebou of struktuur, tesame met die oppervlakte van enige bestaande gebou of struktuur, meer as die helfte van die oppervlakte van sodanige erf of onderdeel is; met dien verstande dat daar ten opsigte van 'n erf of 'n onderdeel van 'n erf geleë op die hoek van twee strate die maksimum oppervlakte, waarop gebou kan word, drie-kwart van die grootte van sodanige erf of onderdeel is; en met dien verstande verder dat die Raad ten opsigte van enige erf of onderdeel van 'n erf die oppervlakte, waarop gebou kan word, tot drie-kwart van die grootte van sodanige erf of onderdeel kan vergroot.

10. Die Raad moet kennis gee van sy goed- of afkeuring van die planne, deursneë en aansigte van enige voorgename gebou soos voormeld, of wat betref die materiaal wat in verband daarmee gebruik sal word, binne 'n maand na ontvangs daarvan.

11. Niemand mag met enige nuwe gebou aanvang nie, voordat die planne daarvan deur die Raad goedgekeur is en kennis van die voorneme om aan te vang aan die Raad gegee is, nog mag enige persoon enige nuwe gebou oprig, behalwe in ooreenkoms met die aldus goedgekeurde planne; en geen fondament of sloot mag toegemaak word nie, totdat kennis van die voorneme om dit toe te maak aan die Raad gegee is, en totdat dit deur die Raad of 'n verteenwoordiger van die Raad, wat daartoe deur die Klerk skriftelik gemagtig is, geïnspekteer en goedgekeur is. Die inspeksie moet binne vyf dae na ontvangs van sodanige kennisgewing plaasvind.

12. Iedere persoon, wat 'n gebou oprig, moet dit op so 'n manier doen dat geen deel van die struktuur oor die boulyn uitsteek nie; met die voorbehoud dat die Raad kan toelaat dat enige bouwerk onder die grondoppervlakte van 'n erf of enige onderdeel daarvan oor sodanige boulyn uitsteek vir die doel om voorsiening te maak vir 'n geskikte fundering vir die voorgename gebou; en met die voorbehoud verder dat die Raad kan toelaat dat oop verandas, na 'n ontwerp wat die Raad goedgekeur het, oor die boulyn opgerig word.

13. Die klerk, of sodanige ander persoon as die Raad kan aanstel, is bevoeg om alle geboue in aanbou, onder verandering of reparasie, en enige daaraan verbonde werk te enige redelike tyd, soos hy geskik mag ag, te inspekteer en die eienaar en bouondernemer en ook elke persoon, wat toegang tot sodanige geboue en werk het, moet hom vrye en onbelemmerde toegang tot sodanige geboue en werke en tot enige deel daarvan toestaan. Enige persoon, wat die genoemde klerk of sodanige ander persoon in die uitoefening van die reg van inspeksie of toegang vir die doeleindes van hierdie regulasies op enige manier wil afskrik, belemmer, of hom met hulle bemoei, of hulle enige informasie weier, is onderhewig aan die strawwe, soos hierin vir oortreding van hierdie regulasies voorsien.

14. Elke erf of 'n onderdeel daarvan moet voorsien word van direkte toegang van 'n verklaarde pad of straat.

15. Niemand mag enige nuwe gebou gebruik of bewoon of laat gebruik of bewoon nie, totdat sodanige gebou deur die klerk of sodanige ander persoon, soos deur die Raad vir die doel aangestel is, geïnspekteer is en 'n skriftelike sertifikaat ten effekte dat die genoemde gebou ooreenkomstig planne, wat deur die Raad goedgekeur is, en volgens hierdie regulasies opgerig is aan die eienaar van sodanige gebou gegee is. Al die sertifikate, wat kragtens hierdie regulasie uitgereik is, moet deur die persoon, wat deur die Raad vir die doel aangestel is, geteken en deur die klerk geëndoseer word.

16. Enige persoon, wat enigeen van hierdie regulasies oortree, kan by veroordeling deur die Hof van die Magistraat van die Distrik Grootfontein tot betaling van 'n boete vyf-en-twintig pond nie te bowe gaande nie veroordeel word, en by wanbetaling tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk wat drie maande nie te bowe gaan nie.

No. 166.]

[16th October, 1933.

It is hereby notified for general information that in terms of section *thirty-six* of the Public Health Act, 1919, of the Parliament of the Union of South Africa, (Act No. 36 of 1919), as amended and applied to South West Africa by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation No. 36 of 1920), the Administrator has been pleased to make the following regulations to be of force and effect within the Village Management Board Area of Grootfontein.

No. 166.]

[16 Oktober 1933.

Vir algemene informasie word hiermee bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag het om die volgende regulasies binne die Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein kragtens artikel *ses-en-dertig* van "De Publieke Gezondheids Wet 1919" van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika (Wet No. 36 van 1919), soos gewys en op Suidwes-Afrika toegepas deur "De Publieke Gezondheidsproklamatie 1920" (Proklamasie No. 36 van 1920), in krag en werking te laat tree.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD AREA OF
GROOTFONTEIN: HEALTH REGULATIONS.

1. In the construction of these regulations the following words and expressions shall have the meanings hereby respectively assigned to them unless such meanings be repugnant to or inconsistent with the context or subject matter in which such words or expressions occur:—

- (a) "BOARD" shall mean the Village Management Board of Grootfontein.
- (b) "MEDICAL OFFICER OF HEALTH" and "SANITARY INSPECTOR" shall mean the persons from time to time holding the said appointments, respectively, or acting in the said capacities in connection with the Village Management Board Area of Grootfontein, or their authorised assistants or deputies.
- (c) "OWNER" shall include any person receiving the rents or profits of any land or premises from any tenant or occupier thereof, or who would receive such rents or profits if such land or premises were let, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein.
- (d) "OCCUPIER" shall include any person in actual occupation of land or premises, without regard to the title under which he occupies, and, in the case of premises sub-divided and let to lodgers or various tenants, shall include the person receiving the rent payable by the lodgers or tenants, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein.

2. No person shall construct, fix or maintain any septic tank-and-filter installation or other work for the disposal of sewage on any property within the area under the jurisdiction of the Board without the written consent of the Board first had and obtained. When making application for such consent and before such work is commenced, the applicant shall submit plans in duplicate, drawn to scale to the satisfaction of the Board, and showing the proposed works. No such works shall be commenced until the sanction of the Board thereto shall have been obtained.

3. No septic tank-and-filter installation or similar works shall be permitted:—

- (a) Unless it be situated in the open air and at a sufficient distance from any building and from the boundary of the ground of the owner as may be prescribed by the Board in each case;
- (b) Unless it be sufficiently covered and ventilated, and so protected as to minimise smell therefrom and to prevent the breeding of mosquitoes in connection therewith;
- (c) Unless provision be made for the innocuous disposal of the effluent or filtrate; Provided that in no case shall the disposal of such effluent or filtrate by sub-irrigation be undertaken without the consent of the Board first had and obtained.

4. The Board may specify by notice in writing the hours at or between which liquid may be pumped from any sewage disposal works, and no person shall himself or by his servant or any member of his household pump liquid therefrom at any other time.

5. No person shall continue to use any septic tank or other sewage disposal works after notice in writing to discontinue the use of the same on account of nuisance therefrom has been given to him by the Board.

6. No person shall fail or delay to open up or clean out or repair or alter or reconstruct any septic tank-and-filter installation or other sewage disposal works on private property when so required by the Board by notice in writing.

7. No person being the owner or occupier of any premises shall construct or cause to be constructed, or maintain or use any French drain or Vivian Poore drain or other similar works for the disposal of solid or liquid sewage effluent without the permission in writing of the Board first had and obtained. Such permission shall be granted only if the Board is satisfied that such French drain, Vivian Poore drain or other similar works do not cause and are not likely to cause dampness of premises or any other form of nuisance.

8. The owner or occupier of any premises shall, in order to prevent the breeding of mosquitoes:—

DORPSBESTUURSRAADSGBIED GROOTFONTEIN:
GESONDHEIDSREGULASIES.

1. By die uitlegging van hierdie regulasies het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenisse respektieflik daaraan toegeken, tensy sodanige betekenisse in teenstryd of onbestaanbaar is met die samehang of onderwerp, waarin sodanige woorde of uitdrukkings voorkom:—

- (a) "RAAD" beteken die Dorpsbestuursraad, Grootfontein.
- (b) "MEDIËSE GESONDHEIDSBEAMPTER" en "GESONDHEIDSINSPEKTEUR" beteken die persone wat van tyd tot tyd die respektiewe ampte beklee of in vermelde hoedanigheid optree met betrekking tot die Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein, of hulle gevolgde assistente of verteenwoordigers.
- (c) "EIENAAR" sluit enige persoon in, wat die huurgelde of profyte van enige grond of perseel van enige huurder of okkupeerder daarvan ontvang, of wat sodanige huurgelde of profyte sou ontvang, as sodanige grond of perseel verhuur was, hetsy op eie rekening of as agent van enige persoon, wat daartoe geregtig is of daarin belang het.
- (d) "OKKUPEERDER" omvat enige persoon in werklike okkupasie van grond of perseel sonder inagneming van die reg, waaronder hy okkupeer en, ingeval van perseel, wat onderverdeel en aan loseerders of verskeie huurders verhuur is, sluit dit die persoon in wat die huur, wat deur die loseergaste of huurders betaal word, ontvang, hetsy op eie rekening of as agent vir enige persoon, wat daartoe geregtig is of daarin belang het.

2. Niemand mag enige septiese tenk en filtreerinrigting of ander inrigting vir die wegdoen van nagvuil op enige eiendom binne die regsmagsgebied van die Raad oprig nie, sonder vooraf die skriftelike toestemming van die Raad verkry te hê. Wanneer applikasie vir sodanige toestemming gemaak word, en voordat sodanige werk begin word, moet die applikant duplikaatplanne, tot bevrediging van die Raad na skaal geteken, voorlê en daarop die voorgestelde onderneming aantoon. Geen sodanige werk mag begin word nie, voordat die toestemming van die Raad daartoe verkry is.

3. Geen septiese tenk en filtreerinrigting of dergelike inrigting word toegelaat nie:—

- (a) tensy dit in die ooplug geleë is en op voldoende afstand van enige gebou en van die grens van die eienaar se grond, soos deur die Raad vir elke geval voorgeskrywe kan word;
- (b) tensy dit voldoende toegemaak en geventileer is, en so beskerm is om reuk daarvan tot 'n minimum te beperk en die broei van muskiete in verband daarmee te verhinder;
- (c) tensy voorsiening vir die onskadelike wegdoen van die uitvloei of filtreerstowwe gemaak word; met dien verstande dat in geen geval die wegdoen van sodanige uitvloei of filtreerstowwe deur indirekte besproeiings onderneem mag word nie, voordat die toestemming van die Raad verkry is.

4. Die Raad kan deur skriftelike kennisgewing die ure, wanneer of tussen welke sodanige vloeiistowwe uit enige rioolvuil-verwyderingstoestel gepomp mag word, vasstel, en niemand mag self of deur sy bediendes of enige lid van sy gesin vloeiistof tussen enige ander ure daaruit pomp nie.

5. Niemand mag voortgaan om 'n septiese tenk of ander rioolvuil-verwyderingstoestel te gebruik nie, nadat hom skriftelike kennis deur die Raad gegee is om die gebruik daarvan, weëns enige ergernis daardeur veroorsaak, te staak.

6. Niemand mag nalaat of versuim om enige septiese tenk en filtreerinrigting of ander rioolvuil-verwyderings--sisteem op private eiendom oop of skoon te maak, te repareer, te verander of te herbou nie, as dit van hom deur die Raad deur middel van 'n skriftelike kennisgewing verlang word.

7. Geen persoon, wat die eienaar of okkupeerder van enige perseel is, mag enige Franse of Vivian Poore riolerings of dergelike inrigting vir die wegdoen van soliede rioolvuil of uitvloei aanlê of laat aanlê nie, sonder vooraf die skriftelike toestemming van die Raad verkry te hê. Sodanige toestemming word alleen verleen, as die Raad oortuig is, dat sodanige Franse of Vivian Poore of dergelike inrigting geen vogtigheid op die perseel of ander vorm van ergernis sal veroorsaak of moontlik kan veroorsaak nie.

8. Om die broei van muskiete te verhinder moet die eienaar of okkupeerder van enige perseel:—

- (a) Keep such premises free from stagnant water and from articles such as bottles or crockery, whether whole or broken, tins, tanks and other vessels which may retain water;
- (b) Provide all tanks, barrels, and sewage filter beds with covers of wood or metal, and screen with mosquito wirenetting all openings other than the delivery exit;
- (c) Maintain all gutters and down-pipes in good condition free from sagging and from obstruction; so as to prevent the accumulation of water therein;
- (d) Protect from mosquitoes the water in ponds or excavations or wells by filling them in or covering them with wire-gauze netting or draining them off at least once a week, or covering them with oil at least once a week, or (in case of wells) providing a mosquito-proof cover and a pump, or adopting other methods.

9. Any person who shall throw, deposit or place, or cause to be thrown, deposited, or placed, or (in the case of liquid) shall cause to flow in or on any street, thoroughfare, open space, vacant stand, ground, spruit, stormwater drain or water course within the area under the jurisdiction of the Board, any filth, slops, exhaust water, waste liquid, yard flushing, garden refuse, shop sweeping, stable litter, or any other offensive or filthy matter, or any dead animal, broken crockery, glass or tins or waste paper shall on conviction be liable for a contravention of these regulations.

10. The owner of any animal which has died shall, within twelve hours after the death of such animal, remove the same to such site and innocuously dispose of the same in such manner as may be approved of by the Board. If the owner of such animal cannot be ascertained, the owner or occupier of the property on which such animal is found shall remove and dispose of the same as aforesaid: Provided that the Board may at the request of the owner of any dead animal, or the owner or occupier of the property on which such dead animal is found, as the case may be, remove and bury or otherwise dispose of the same upon payment to the Board of a sum in accordance with a tariff to be from time to time fixed by the Board subject to the approval of the Administrator. The Clerk to the Board may give such instructions for the disposal of any carcase as he may deem fit and as the circumstances of the case may warrant.

11. It shall be the duty of the Medical Officer of Health or the Sanitary Inspector or other officer appointed thereto by the Board to superintend the execution and carrying out of the foregoing regulations, and any person interfering with any such officer in the execution of his duty shall be guilty of an offence.

12. Any person contravening any of the foregoing regulations or any order made thereunder shall upon conviction be liable to a fine not exceeding twenty-five pounds and in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months.

No. 167.]

[16th October, 1933.

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased, in terms of Section three of the Village Management Boards Proclamation, 1925, to make the following regulations to be of force and effect within the Village Management Board Area of Grootfontein:—

VILLAGE MANAGEMENT BOARD AREA OF
GROOTFONTEIN:
REGULATIONS RELATING TO THE KEEPING OF
ANIMALS.

1. In the construction of these regulations, the following words and expressions shall have the meanings hereby assigned to them unless such meanings be repugnant to or inconsistent with the context or subject matter in which such words or expressions occur:—

- (a) "Board" shall mean the Village Management Board of Grootfontein.
- (b) "Board Area" shall mean the area under the jurisdiction of the Board.
- (c) "Clerk" shall mean the person from time to time performing the duties of or acting as Secretary to the Board.
- (d) "Ranger" shall mean the person appointed by the Board to supervise and control the grazing of stock within the Board Area and generally to superintend the carrying out of the regulations in force in such area.

- (a) sodanige perseel vry van stilstaande water en voorwerpe soos bottels of breekgoed, hetsy geheel of gebreek, van blikke, tenks en ander voorwerpe, wat water mag bevat, hou;
- (b) al die tenks, vate en rioolvuil-filtreerbedde van hout of metale deksels voorsien en al die openings, met uitsondering van die verwyderingsdeur, van muskietdraad voorsien;
- (c) al die geute en aflooppepe in 'n goeie toestand hou, sodat hulle nie insak of verstop word nie, ten einde te vermy dat water in hulle vergaar word;
- (d) die water in damme of uitgrawings of putte teen muskiete te beskerm deur hulle toe te gooi of met muskietdraad toe te maak, of hulle ten minste een keer per week te laat droogloop, of deur ten minste een keer per week olie op die water te gooi of (ingeval van putte) deur 'n muskietproef-deksel en pomp te voorsien, of deur ander maatreëls te tref.

9. Enige persoon, wat enige vuilis, speelwater, afloopwater, uitvloeielsel, tuinafval, winkelvuil, stalvuil of ander hinderlike of vuile goed, of enige dooie dier, gebreekte porseleinware, glas of blikke in of op enige straat, deurgang, oop plek, leë erf, grond, spruit, stormwateraflooppep of waterstroom binne die regsmaatsgebied van die Raad gooi, neersit of sit, of laat gooi, neersit of sit, of (ingeval van vloebare stowwe) laat loop, is by skuldigebevinding onderhewig aan straf weens oortreding van hierdie regulasies.

10. Die eienaar van enige dier, wat doodgegaan het, moet dit binne twaalf uur na die dood van sodanige dier na sodanige plek laat bring en dit op sodanige onskadelike wyse wegdoen, soos deur die Raad goedgekeur mag word. As die eienaar van so 'n dier nie vasgestel kan word nie, moet die eienaar of okkupeerder van die eiendom, waarop die dier gevind word, dit wegvat en dit soos hierbo beskrywe, wegdoen; met dien verstande dat die Raad op versoek van die eienaar van enige dooie dier of op versoek van die eienaar of okkupeerder van die eiendom, waarop sodanige dooie dier gevind word, soos die geval mag wees, die dier teen betaling aan die Raad van 'n bedrag ooreenkomstig die tarief, wat die Raad met goedkeuring van die Administrateur van tyd tot tyd vasstel, kan verwyder en begrawe of andersins wegdoen. Die Klerk van die Raad kan sodanige instruksies vir die wegdoen van enige karkas gee as hy mag goeivind of soos deur die omstandighede van die geval vereis word.

11. Dit is die plig van die Mediese Gesondheidsbeampte of die Sanitêre Inspekteur of ander amptenaar, deur die Raad daarvoor aangestel, om toesig te hou oor die uitvoering en handhawing van die voorafgaande regulasies en enige persoon, wat hom met sodanige beampte bemoei, terwyl hy besig is om sy pligte uit te voer, is skuldig aan 'n oortreding.

12. Enige persoon, wat enige van die voorafgaande regulasies of enige bevel, ooreenkomstig hulle gegee, oortree, is by skuldigebevinding onderhewig aan 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond en, by wanbetaling, aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

No. 167.]

[16 Oktober 1933.

Vir algemene informasie word bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag het om ooreenkomstig artikel drie van "De Dorpsbestuursraden Proklamatie 1925" die volgende regulasies in krag en werking te laat tree binne die Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein.

DORPSBESTUURSRAADSGEBIED GROOTFONTEIN:
REGULASIES BETREFFENDE DIE AANHOUDING VAN DIERE.

1. By uitlegging van hierdie regulasies het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis wat daaraan agtereenvolgens toegeken is, tensy sodanige betekenis teenstrydig of onbestaanbaar is met die samehang of onderwerp waarin die woorde of uitdrukkings voorkom:—

- (a) "Raad" beteken die Dorpsbestuursraad van Grootfontein.
- (b) "Bestuursraadsgebied" beteken die gebied wat binne die jurisdiksie van die Raad val.
- (c) "Klerk" beteken die persoon wat van tyd tot tyd die werksaamhede van Sekretaris van die Raad uitvoer of waarneem.
- (d) "Opsigter" beteken die persoon wat deur die Raad aangestel is om op- en toesig te hou oor die wei van vee binne die bestuursraadsgebied en om in die algemeen toesig te hou oor die nakoming van die regulasies wat binne sodanige gebied van krag is.

- (e) "Owner" shall, in relation to large or small stock, mean the actual owner or the person who has the control of any large or small stock, or both such owner and person having control.
- (f) "Commonage" shall mean such land situate within the Board Area as is reserved for the grazing of live-stock, and any other unoccupied ground situate within such boundaries.
- (g) "Large Stock" shall mean and include horses (stallions, mares, geldings), mules, asses, and bovines.
- (h) "Small Stock" shall mean and include sheep, goats and swine.
- (i) "Poultry" shall mean and include any domestic fowl and any turkey, goose, duck, peacock or peahen, pigeon, and the young of any such animal.

2. Every kraal, cow-shed, pigsty, or other structure intended for the keeping of large stock, small stock or poultry shall be, to the satisfaction of the Board,—

- (a) constructed of proper materials and in suitable manner;
- (b) provided with proper means of drainage, which shall be kept at all times in good order;
- (c) provided with suitable means for collecting and disposing of all manure, filth or rubbish, all of which manure, filth or rubbish shall be removed therefrom as often as may be required to keep such kraal, cow-shed, pig-sty or other structure in a clean and sanitary condition, but not less frequently than once in each week;
- (d) kept at all times in a clean and satisfactory condition throughout.

3. No person shall keep anywhere within the Board Area any large stock, small stock or poultry so as to be a nuisance or danger to health or liable to pollute any water which the inhabitants have a right to use, and no person other than a person holding a valid licence as a butcher issued to him in accordance with any law for the time being in force relating to the licensing of butchers shall keep any pig within such area without the written consent of the Board, the grant of which consent shall be in the sole discretion of the Board and shall permit the keeping of a pig or pigs within such area for any period not exceeding twenty-four hours.

4. Every person keeping any large stock, small stock or poultry shall at all times provide proper means for the collection and proper disposal of all manure and filth arising therefrom and shall not allow any accumulation of manure or filth so as to be a nuisance or danger to health or liable to pollute any water which the inhabitants have a right to use.

5. Whenever in the opinion of the Board any large stock or small stock or any poultry are kept on any premises so as to be a nuisance or danger to health or liable to pollute any water which the inhabitants have a right to use, it shall be lawful for the Board by written notice issued by the Clerk to require the owner or occupier of such premises, within a time to be mentioned in such notice but not less than twenty-four hours from the date of such notice, to remove the cause of and abate such nuisance, danger to health or liability to pollute such water, as the case may be, and to carry out such work or do such things as by the Board may be deemed necessary for the said purpose. Upon any owner or occupier failing to carry out within the time specified all or any of the requirements of such notice the Board may forthwith prohibit the keeping of any large stock or small stock or poultry, as the case may be, on such premises, and such owner or occupier shall upon conviction be liable for a contravention of these regulations.

6. The owner or person in charge of any bitch on heat shall not allow it to wander about in any public place, street or thoroughfare within the Board Area but shall keep it in such place and manner as not to be a nuisance to the public.

COMMONAGE REGULATIONS.

7. No person shall be allowed to place or keep any large or small stock within the Board Area except under a grazing licence granted by the Board under the hand of the Clerk.

- (e) "Eienaar" beteken, in verband met groot- of klein-vee die wesenlike eienaar van, of die persoon wat toesig hou oor, enige groot- of kleinvee, of albei sodanige eienaar en persoon wat daarvoor toesig hou.
- (f) "Gemeenteweide" beteken grond wat binne die bestuursraadsgebied val en vir die wei van lewendende hawe uitgehou is, en enige ander ongeokkupeerde grond wat binne daardie gebied val.
- (g) "Grootvee" beteken en sluit in perde (hingste, merries, reuns), muile, esels, en beeste.
- (h) "Kleinvee" beteken en sluit in skape, bokke en varke.
- (i) "Pluimvee" beteken en sluit in enige hoender, kalkoen, gans, eend, pou, duif, en die kleintjies van enige sodanige diere.

2. Elke beeskraal, koeistal, varkhok of ander gebou wat vir die aanhou van grootvee, kleinvee of pluimvee bestem is, moet tot voldoening van die Raad,—

- (a) gebou wees van behoorlike materiaal en op geskikte wyse;
- (b) voorsien wees van behoorlike riolering, wat altyd in goeie toestand bewaar moet word;
- (c) voorsien wees van geskikte middele om alle mis, vullis of afval te versamel en weg te neem, en alle sodanige mis, vullis of afval moet daaruit so dikwels verwyder word as wat nodig mag wees om die beeskraal, koeistal, varkhok of ander gebou in 'n sindelike en skone toestand te hou, maar nie minder as eenmaal per week nie;
- (d) altyd en deurgaans in 'n skoon en bevredigende toestand gehou word.

3. Niemand mag op enige plek binne die bestuursraadsgebied enige grootvee, kleinvee of pluimvee sodanig aanhou nie dat dit 'n oorlas of 'n gevaar vir die gesondheid is, of dat dit water wat die inwoners geregtig is om te gebruik, kan besoedel, en geen persoon behalwe 'n persoon wat 'n geldige slagterlisensie besit wat aan hom uitgereik is ingevolge 'n wet wat vir die oomblik van krag is betreffende die verlening van lisensies aan slagters, mag binne sodanige gebied sonder skriftelike toestemming van die Raad 'n vark aanhou nie welke toestemming geheel van die goedvinde van die Raad afhang, en nie sal toelaat nie dat binne sodanige gebied 'n vark of varke vir 'n langer tydperk as vier-en-twintig uur aangehou mag word.

